

Sonde ?

Wat is dit ???



Mat 7:13 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Mat 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. [DIE PAD NA DIE HEMEL]

Luk 13:23 Toe sê iemand vir Hom: **Here, is die wat gered word, min?** En Hy [JESUS CHISTUS] antwoord hulle:

Luk 13:24 **Stry hard** om in te gaan deur die **nou poort**, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.

Wat is Sonde?

Volgens die “**Dakes**” Bybel is daar **370 verskillende soorte sondes** in die Skrif opgeteken. Dit is nie vir ons moontlik om dit alles in hierdie skrywe te behandel nie, en sal dus net by sommige daarvan kan stilstaan.

‘n Mens moet die **afskuwelikheid van sonde** insien, voordat jy daarvan bevry kan word. Jy moet besef **WAARHEEN** sonde jou lei en wat die **GEVOLGE** daarvan is. [Die ewige hel.]



Sonde laat die mens teen God en Sy Woord rebelleer. Satan mislei die mens gewoonlik met ‘n **‘HALWE WAARHEID’**. Sy geliefkoosde slagveld is die gedagtes van die mens, waar die ‘halwe waarheid’ eers geplant word, en dan groei tot ‘n daad en later selfs ‘n gewoonte. **Sonde beloon die mens met die dood en die doderyk**. Die doderyk bring die oordeelsdag en dan die **EWIGE poel van vuur** - die eindbestemming van die sondaar.

Sonde laat die mens **verlore** gaan. Dit maak jou **koersloos, waarde-loos, liefdeloos, goddeloos, nutteloos, roekeloos, biddeloos en gevoelloos**. Jy word **selfsugtig, losbandig, onbarmhartig, behoefstig, eensaam** en ‘n **deurbringer**. Sonde maak van ‘n mens ‘n **rebel**, ‘n **slaaf** en dit **verneder** jou. Dit maak dat jy **God nie vrees nie**. [Luk 15:11-18]

Die Griekse woord vir sonde is “**hamartia**” wat beteken - “**om die kol te mis**”, en van **GOD geskei** [die hemel]. **Jesus Christus** leer ons hoe om **‘reguit te skiet’** en die **‘kol te tref,’ elke keer**.

Ongeloof is die basis van sonde en daarom die oorsaak van die vloek van die **dood** [die ewige hel met ‘n onuitbluslike vuur].

Heb 3:19 En ons sien dat hulle **deur ongeloof** nie kon ingaan nie.

Joh 8:24 Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want **as julle nie glo** dat dit Ek is nie, **sal julle in jul sondes sterwe**.

Geloof in Jesus Christus, as ons enigste verlosser is noodsaaklik.

WANT ONS ALMAL HET GESONDIG:

Rom 3:23 want **almal het gesondig** en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, { om die hemel te mis }

Rom 6:23 Want **die loon van die sonde is die dood** [die ewige

hel], maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om **een maal te sterwe en daarna die oordeel**, (BEWYS VAN LEWE NA DIE DOOD)

Die Noodsaaklikheid van Versoening.

Daar is drie redes waarom versoening vir die mens se sondes noodsaaklik is.

1. Die Heiligheid van God:

Lev 19:2 Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: **Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.**

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig.**

2. Die Sondagheid van die mens:

Rom 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor **al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense** wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,

Rom 5:12 Daarom, soos **deur een mens [Adam] die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood**, en so die dood tot alle mense deurgebring het, omdat almal gesondig het

3. Die breuk tussen God en die mens is as gevolg van die sonde val:

1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

1Joh 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Onbelyde sonde veroorsaak die volgende:

1. Die dood:

Jak 1:15 Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, **baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.**{Gr vir DOOD = THANATOS = Om geskei te word.}

2. Verhinder gebed:

Psa 66:18 As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, **sou die Here nie gehoor het nie.**

1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en

aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—**sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.**

3. Dit skei die mens van God:

Jes 59:2 maar **julle ongeregtighede** het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en **julle sondes** het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

4. Dit getuig teen ons:

Jes 59:12 Want ons oortreding is baie voor U, en **ons sondes getuig teen ons**; want ons oortreding staan voor ons, en ons ongeregtighede—ons ken hulle:

5. Dis oop en bloot voor God:

Psa 69:6 o God, U weet van my dwaasheid, en **my skuldige dae is vir U nie verborge nie.**

6. God sal besoeking doen oor die sondes:

Hos 9:9 Hulle het baie, baie verkeerd gehandel soos in die dae van Gibeon. Hy sal dink aan **hulle ongeregtigheid, besoeking doen oor hulle sondes.**

7. Dit verhard die mens se hart:

Heb 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van **julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.** [moet mekaar vermaan]

8. Maak 'n dienskneg/slaaf van die mens:

Joh 8:34 Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is.**

Rom 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, **julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?**

2Pet 2:19 Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self **slawe van die verdorwenheid is**; want **waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.**

Verdslawende sondes soos ooreet, drank, nikotien, dobbel, dwelms, pornografie, dans, plesier, sportgod, ens maak van die mens 'n SLAAF. Hulle kan



later glad nie daarsonder klaarkom nie, dit word 'n kruk om op te leun. Wanneer iemand hul ontstel, seermaak, kwaadmaak, ongelukkig maak en die lewe druk, wend hulle hul tot hierdie 'afgode' en leun SWAAR op hulle.

LEUN LIEWER OP JESUS, as op 'n stinkende klein tabakrolletjie of 'n walglike drankbottel of ander - onheilighede.



JESUS IS DIE OPLOSSING VIR, EN ANTWOORD OP, AL JOU PROBLEME !!!

9. Dit bring skande oor die mens:

Spr 14:34 Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies.

Sewentien 'werke van die vlees' [Sonde] in Gal 5:

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik **owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;**

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat **die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.** [U SAL DUS HEMEL NIE MAAK NIE]

(1) **Owerspel:**

Skending van die huwelikstrou. Bv. 'n derde persoon betrokke in 'n huwelik.

2Pet 2:14 met oë vol van **owerspel**, wat nie ophou om te sondig nie; hulle **verlok onvaste siele**, hulle het 'n hart geoefen in **hebsug**, hulle is kinders van die vervloeking.

(2) **Hoerery:**

Ongeoorloofde geslagsgemeenskap met iemand hê. Ontug pleeg [Wat is **ontug?** Onsedelike handeling, onkuisheid]

1Kor 6:18 Vlug vir die **hoerery**. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar **wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.** [geen geslagsgemeenskap buite die huwelik nie]

(3) **Onreinheid:**

Alles wat die teenoorgestelde van reinheid is: onnatuurlike praktyke soos bestialiteit.

Efes 5:3 Maar **hoerery** en allerhande **onreinheid** of **hebsug** moet

onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;

Ons wil hier net 'n interessante feit onder u aandag bring: Die woord 'sexy'! Hoe dikwels word dit nie gebruik om 'n persoon te komplimenteer nie. Weet u wat beteken 'sexy' in Afrikaans?

[Tweetalige Woordeboek: Prof. dr. D B BOSMAN; Prof. I W van der Merwe; Dr. L W Hiemstra.]

sexy: word vertaal as— wulps, prikkelend, seksbehep.

wulps = beteken ook, wellustig, losbandig, van geslagslus vervul, ens.

prikkelend = [prikkel word vertaal—aansporing, geslagsdrang prikkel.] = prikkeling van die geslagsdrang/hartstog.

seksbehep = Het sekerlik nie 'n verduideling nodig nie.

Dit klink nou glad nie meer na 'n kompliment nie.

(4) **Ongebondenheid:**

Die teenoorgestelde van kuisheid—ontugtig, wellustig, ens.

1Pet 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelepe lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in **ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.**

(5) **Afgodery:**

Aanbidding van afgode en deelname aan afgodsfeeste. Dan leer die Woord ons ook dat die Here **eiesinnigheid** sien as afgodery.

1Sam 15:23 Want **wederstrewigheid is 'n sonde van waar-sêery**, en **eiesinnigheid is afgodery en beelddiens**. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

(6) **Towery:**

Sekere middels en formules word gebruik om mense te 'toor' met die hulp van Sataniese magte. Soms om 'genesings' te bewerkstellig, ander kere om mense kwaad te berokken.

Hand 19:19 en verskeie van **die wat met towery omgegaan** het, het **die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand**; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was. [Ongeveer R250,000-00.]

(7) **Vyandskap:**

Om iemand te haat, en kwaad te wees vir hom. Dit is ook die teenoorgestelde van broederliefde en vriendskap.

Jak 4:4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat **die vriendskap**

van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

(8) Twis:

Waar die gevoel van haat verdere aksies veroorsaak, soos bv. bakleiery, wraak, hofsake, ens.[1 Kor 6 : 6-8 HOFSAKE]

1Kor 3:3 omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle **jaloersheid** en **twis** en **tweedrag** is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?

(9) Jaloersheid:

Om afgunstig en naywerig teenoor ander te wees. Dis 'n afbrekende en negatiewe emosie.

2Kor 12:20 Want ek vrees dat ek julle by my koms miskien nie sal vind soos ek wens nie, en dat ek deur julle gevind sal word soos julle nie wens nie—dat daar miskien sal wees **twis, jaloersheid, toornigheid, verdeeldheid, kwaadsprekery, nuusdraery, verwaandheid, wanordelikheid;**

(10) Toornigheid:

Onstuielige emosies wat die harmonie van die gedagtes versteur en die oorsaak is van rusie en soms onverantwoordelike daade. [moord]

Efes 4:26 Word **toornig** en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; \ **VERGEWE MEKAAR**

Jak 1:19 So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, **stadig om te praat, stadig om toornig te word.**

(11) Naywer:

Job 5:2 Want **verbitterdheid** vermoor die dwaas, en **naywer** maak die domme dood.

(12) Tweedrag:

Onenigheid, twis, verdeeldheid.

Spr 16:28 'n Man van valse streke saai **tweedrag**, en 'n **kwaadstoker skei vriende van mekaar.**

Rom 16:17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat **tweedrag** en **aanstoot** veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, **en vermy hulle.**

(13) Partyskap:

Verdeling in verskillende partye en faksies, as gevolg van tweedrag en verdeeldheid.

Tit 3:10 Aan 'n man wat **partyenskap verwek**, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning,

Tit 3:11 wetende dat so iemand *op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.*

(14) Afguns:

'n Sterk gevoel van ongelukkigheid oor 'n ander se geluk, sukses, rykdom, voorspoed, welvaart, ens, ens.

Tit 3:3 Want ons was ook vroeër *onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe*; ons was haatlik en *het mekaar gehaat.*

Jak 3:14 Maar as julle bittere *afguns* en *selfsug* in julle hart het, moenie *roem en lieg* teen die waarheid nie.

Jak 3:16 want waar *afguns* en *selfsug* is, daar is *wanorde en allerhande gemene dade.*

(15) Moord:

Moord is die opsetlike doodmaak van 'n mens. Dan noem die Woord ons ook 'n moordenaar wanneer ons ons Broeder haat, en ook wanneer ons nalaat om die sondaar te waarsku om hom van sy sonde te bekeer.

Jak 4:2 Julle begeer en julle het nie, julle *pleeg moord* en is *naywerig* en julle kan niks verkry nie. Julle *veg en maak oorlog*, en julle het nie, omdat julle nie bid nie.

1Joh 3:15 Elkeen wat *sy broeder haat, is 'n moordenaar*; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywendes in hom het nie.

(16) Dronkenskap:

Om onder die invloed van sterk drank te wees. Bedwelms deur alkoholiese drank. [die BYBEL maak geen melding van matigheid nie]

1Kor 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, *al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder* is of 'n *gierigaard* of 'n *afgodedienaar* of 'n *kwaadspreker* of 'n *dronkaard* of 'n *rower* nie; *met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.*

Efes 5:18 Moenie *dronk word* van wyn nie—daarin is *losbandigheid*; maar word met die Gees vervul.

(17) Brassery:

Oordadige etery en drinkery. [veroorsaak vetsug en oorgewig]

Rom 13:13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in *brassery* en *dronkenskap*, nie in *ontug en ongebondenheid*, nie in *twis* en *nydigheid* nie.

In Efesiërs 5 lees ons van WERKE van die duisternis.

Dit is dinge wat nie by kinders van die Here hoort nie.

Efes 5:3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;

Efes 5:4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.

Efes 5:5 Want dit moet julle weet dat **geen hoereerder of onreine of gierigaard**, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.

Efes 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.

2 Tim 3 beskryf vir ons die verdorwenheid van die laaste dae.

Hierdie dinge het ongelukkig alreeds baie diep in die kerk ingesluip.

2Tim 3:2 Want die mense sal **liefhebbers van hulleself** wees, **geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,**

2Tim 3:3 *sonder natuurlike liefde* [die natuurlike liefde wat GOD daar geplaas het tussen 'n man en sy vrou en hul kinders],

onversoenlik [weier om vrede te maak en te vergewe]

kwaadsprekers, bandeloos [mense wat **GEEN belofte** hou en **GEEN afspraak** nakom nie, hulle strooi maklik beloftes rond, want hulle het geen voorneme om dit na te kom nie], **wreed, sonder liefde vir die goeie,**

2Tim 3:4 **verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God;**

2Tim 3:5 mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. **Keer jou ook van hierdie mense af.**

Vloek en lieg:

Kinders van die Here moet baie versigtig wees om **nie woorde te gebruik** wat kan deurgaans as **skeltaal** of **vloekwoorde** nie. En baie kinders van die Here **vertel sommer maklik 'n leuen. Dit is verkeerd, dis SONDE! [DAAR IS GEEN WIT LEUEN NIE]**

Kol 3:8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik **toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.**

Kol 3:9 **Lieg nie vir mekaar nie**, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het

Die Tong !

Die tong van die mens kan geweldig baie skade berokken. Daar is ‘n Engelse spreekwoord wat sê: “Sticks and stones can break my bones, but words can do me nothing.” Dit is egter nie die waarheid nie. Woorde kan baie seerder maak as stokke en klippe. En ongelukkig het ons baie mense wat terug geval het as gevolg van ‘n TONG wat onoordeelkundig gebruik is. Woorde laat letsels. Pasop hoe jy mense aanspreek. [LAAT DIT WEES WOORDE MET SOUT BESPRINKEL]

Jak 3:5 Net so is **die tong** ook ‘n klein lid en beroem hom op groot dinge—kyk hoe ‘n groot hoop hout steek ‘n klein vuurtjie aan die brand.

Jak 3:6 **Die tong is ook ‘n vuur**, die wêreld van ongeregtigheid. Net so ‘n plek neem die tong onder ons lede in; **dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.**

Jak 3:8 Maar die tong kan geen mens tem nie; **dit is ‘n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.**

Jak 3:9 Daarmee **loof ons God en die Vader**, en daarmee **vervloek ons die mense** wat na die gelykenis van God gemaak is.

Jak 3:10 Uit **dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie.**

Jak 3:11 ‘n **Fontein** laat tog nie **uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie?**

ONTHOU:

Spr 18:21 **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.**

Die Tien Gebooie

Die Woord van die Here noem die ‘Tien Gebooie’, die Wet van die Here. Wat gevind word in Eksodus 20.

Eerste gebod: Exo 20:3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Tweede gebod: Exo 20:4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Derde gebod: Exo 20:7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Vierde gebod: Exo 20:8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Die **sabbat was aan Israel [die Jood] gegee, as ‘n TEKEN tussen**

Israel en God, nie aan die kerk nie. **Die sabbat is nog steeds Saterdag**, nie Sondag nie, en is nooit verander nie.

Exo 31:13 Spreek jy met **die kinders van Israel** en sê: **Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte**, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig.

Onderhouding van die sabbat word **nie** van die Christen vereis nie. Die eerste dag van die week, **Sondag, is die dag van die Here**. In elk geval moet ons die Here **elke dag** aanbid **NIE NET op ‘n Saterdag of Sondag NIE!**

Onderskrywing van die Tiengebooue in die Nuwe Testament.

1ste en 2de gebod: Hand 15:29, 17:16; Rom.1:25; 1 Kor.6:9-10, 10:14; 1 Joh.5:21; Openb 21:8, 22:15

3de gebod: Jak 5:12

4de gebod: SABBAT [Word nêrens genoem nie.]

5de gebod: Efes.6:1-3, Rom.13:1-7

6de gebod: Rom.13:9

7de gebod: Hand 15:20; Rom.2:22, 13:13; 1 Kor.5:11, 6:9, 13,15, 18:10:8; Efes.5:3,11-12

8ste gebod: Rom. 2:21 Efes. 4:28; 1Tess.4:6; Jak.5:4

9de gebod: 1Tim 1:9-10.

10de gebod: Rom.1:29, 13:9 1 Kor.5:11; 6:10; Efes.5:3.

Dit is verkeerd om te sê dat dit nie nodig was om dit in die Nuwe Testament te herhaal nie, omdat hulle reeds die Sabbat onderhou het – niks is verder van die waarheid nie. Die **Joodse Christene** het die Sabbat onderhou, **maar is spoedig uit die sinagoges gewerp**. Hoe sou hulle dan saam met ongelowige **Jode** kon aanbid? **Heidense Christene** het nooit die Sabbat onderhou nie (tensy hulle eers tot die Jodendom bekeer was).

Die Skrif leer ons baie duidelik dat Jesus op ‘n **Sondag** uit die graf opgestaan het, en daardeur die eersteling geword het van dié wat uit die dode opgestaan het.

Joh 20:1 En op **die eerste dag van die week [Sondag]** kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was.

Daarom het die vroeë Christene op **die eerste dag, Sondag**, bymekaar gekom. [wat ons vandag nog onderhou Opstandingsdag]

Vyfde gebod: Exo 20:12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Sesde gebod: Exo 20:13 Jy mag nie doodslaan nie. [moordpleeg]

Sewende gebod: Exo 20:14 Jy mag nie egbreek nie.

Agste gebod: Exo 20:15 Jy mag nie steel nie.

Negende gebod: Exo 20:16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Tiende gebod: Exo 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

‘n Oortreding van God se gebooie is sonde. 2 Tim 3 leer ons dat die **HELE Skrif** ingegee is om ons toe te rus vir ons lewe hier op aarde.

2Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en **is nuttig tot le- ring, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,**

2Tim 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Spr 30:6 Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie re- kenskap vorder en jy as ‘n leuenaar openbaar word nie.

Hoekom is dit tog so MOEILIK om die ‘HANDLEI- DING’ [BYBEL] te lees en toe te pas? Weet die ‘VERVAARDIGER’ [GOD] dan nie BETER as ons hoe om die ‘PRODUK’ [die mens] te hanteer nie ???

Hoe weet ons of dit/iets ‘sonde’ is?

Wanneer iets nie spesifiek **by die naam** genoem word in die Bybel nie, wonder mense altyd hoe moet ons weet of dit sonde is. Daar is een goue reël wat ons kan volg. Gaan na **die WORTEL. Waar het dit sy ontstaan.** Indien dit by **afgode aanbidders ontstaan** het of **van die wêreld is**, is dit volgens die Bybel **nie geoorloof** vir die kinders van God nie.

2Kron 36:14 Ook al die **owerstes** van die **priesters** en die **volk** het baie **ontrou gehandel**, volgens al die **gruwels van die heidene**, en die huis van die HERE wat Hy in Jerusalem geheilig het, veront- reinig.

Jer 10:2 So sê die HERE: **Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie**, en

Sefanja 1:8 En op die dag van die offer van die HERE sal **Ek** besoeking

doen oor die vorste en die prinse en **oor almal wat uitlandse klere dra.**

Ons **MAG nie doen** wat die heidene doen nie, ons **mag nie dra / aantrek** wat die heidene dra nie, ons **mag nie die gewoontes van die heidene aankweek nie, in watter opsig ookal.**

God wil graag hê dat daar 'n duidelike verskil tussen sy kinders en die wêreld moet wees.

Mal 3:18 Dan sal julle weer **die onderskeid sien** tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. [daar is n duidelike skeidslyn deur GOD gestel]

Rom 12:2 En word **nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed,** [U IS DUS 'N NUWE SKEPSEL]

Vandag wil almal leef volgens hul **eie wil en begeertes**, en **God moet by hulle aanpas.** Dit werk nie so nie, God is nog steeds dieselfde **HEILIGE GOD** van die Bybel. Hy het **nie** verander nie! [**Heb 13:8** Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.] **Die hemel is nog steeds 'n HEILIGE, VOORBEREIDE PLEK vir HEILIGE, VOORBEREIDE MENSE!!**

Die Bybel leer ons:

Spr 14:12 Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar **die einde daarvan is weë van die dood[die ewige hel].**

Spr 30:12 'n geslag wat rein is in sy eie oë en tog van sy vuiligheid nie gewas is nie, [nooit tot bekering gekom]

Jes 65:2 Ek [God] het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan; \ **EIESINNIGE GODSDIENS**

As gevolg van **verwaarlosing van die Woord van die Here** en ook **die feit dat daar in kerke geen sonde meer gepreek word nie, is die mense verward** en weet nie meer wat reg en verkeerd is nie. [**DIE LOUWARM KERK OPB 3:16**]

Spr 28:18 Wie opreg wandel, sal gehelp word; **maar hy wat verward is, wat die twee paaie betref, sal meteens val.**

Aan die anderkant is daar net goeie nuus vir hulle wat op die pad van geregtigheid is: **DIT IS DIE PAD HEMEL TOE, DIE GOUDSTAD.**

Spr 12:28 **Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid** [ewig in die hemel.]

Wanneer sonde in die kerke gepreek word, sal diegene wat die pad ver-

laat het, dit baie gou uitvind, en die geleentheid kry om hul te bekeer.
[M. a. w. Hulle sal hulle lewe **HERVORM**]

Spr 15:10 'n **Streng**e tugting is daar vir hom wat die pad verlaat; hy wat die teregwysing haat, sal sterwe.

Intussen is die Here maar t  gewillig om ons die REGTE WEG te leer [dit is alles in Sy kosbare Woord], maar ONS WIL NIE!!!

Ps 32:8 Ek [God] WIL jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Jes 48:17 So s  die **HERE**, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is die **HERE** jou God, wat jou leer wat heilsaam is, wat jou lei op die weg wat jy moet gaan.

Jer 6:17 Ek het ook wagte oor julle gestel en ges : **Luister na die geluid van die basuin. Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie.**

Die Here verwag van ALLE predikers om **SONDE te identifiseer, en die mensdom te waarsku.**

Jes 58:1 Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Eseg 3:17 Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, MOET jy hulle van my kant waarsku.

Eseg 3:18 As Ek aan die goddelose s : Jy sal sekerlik sterwe— en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; MAAR SY BLOED sal Ek van jou hand eis. [M.a.w. God beskou jou as sy moordenaar!]

Eseg 3:19 Maar as jy die goddelose waarsku, en hy hom nie van sy goddeloosheid en van sy goddelose weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.

Ons sonde behoort ons te bekommer!

Psa 38:19 Ja, my ongeregtigheid bely ek, ek [Dawid] is bekommerd oor my sonde.

Spr 28:13 Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees

nie; maar hy wat **dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.**

Gen 41:9(b) en gesê: Ek moet vandag my sondes in gedagtenis bring.

God se tyd is ALTYD, NOU/VANDAG!!!!

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Heb 3:7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: **Vandag as julle sy stem hoor, (NIE MORE OF VOLGENDE JAAR NIE)**

Heb 3:8 **verhard julle harte nie**

Heb 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik **vandag**, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: **Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. (More mag dalk te laat wees)**

Dank God, daar is hoop vir die sondaars wat hulle **afkeer van die sonde en na Jesus Christus keer sodat Hy hulle kan reinig van hul sondes!** \ opb 1:5b gewas het in sy BLOED

1Kor 6:11 En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Dis onmoontlik om ons sondes vir God te verberg!

Heb 4:13 En daar is **geen skepsel onsigbaar voor Hom nie**, maar alles [ook ons sondes] is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.

Klaagl 4:22(b) Hy besoek jou ongeregtheid, dogter van Edom, **HY OPENBAAR JOU SONDES .**

God het geen behae in die dood van die SONDAAR!

Eseg 33:11 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, **spreek die Here HERE**, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, MAAR daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! **Waarom tog wil julle sterwe[die ewige dood in die poel van vuur], o huis van Israel?[En dit geld ook vir Suid-Afrika en die hele wêreld!]**

Ongelukkig het die mensdom geen behae meer in die Woord van God nie.

Jer 6:10 Wie sal ek toespreek en waarsku, dat hulle kan hoor?
Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie.
Kyk, die woord van die HERE is vir hulle 'n smaad, hulle het
daar geen behae in nie.

Hoe om oorwinning oor sonde te kry.

1. Keer tot God met jou hele hart.

Deut 4:29 Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek.

2. Erken en bely jou sonde.

1Kon 8:47, en hulle hul bekeer en U smEEK, en sê: **Ons het gesondig en verkeerd gehandel, ons was goddeloos—**

1Kon 8:48 en hulle hul tot U bekeer met hul hele hart en met hul hele siel,

3. Draai weg van die sonde en doen dit nie meer nie.

Eseg 33:14 En as Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe—en hy **hom van sy sonde bekeer, en reg en geregtigheid doen—**

Eseg 33:15 gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, **sodat hy geen onreg doen nie—dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie.**

4. VREES GOD en hou SY gebooië.

Pred 12:13 Die **hoofsaak van alles** wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense.

Psa 119:60 Ek het my gehaas, en nie getalm nie, om u gebooië te onderhou. (**WEES DADERS VAN DIE WOORD**)

5. Bewaar die Woord van God in jou hart. (jou gees)

Psa 119:11 Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.

Psa 119:18 Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet.

Psa 119:29 Verwyder van my die weg van leuens, en verleen my genadiglik u wet.

Psa 119:97 Mem. **Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. (MET N ONVERDEELDE HART)**

6. Bly weg van verkeerde dinge.

Psa 119:101 Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar.

7. Haat alles wat vals is.

Psa 119:104 Uit u bevele kry ek verstand; **daarom haat ek elke**

leuenpad.

Psa 119:163 **Leuens haat ek en het daar 'n afsku van; u wet het ek lief.**

Ons mag nie weer sonde in ons lewens toelaat nie, **STRY daarteen, BAKLEI daarteen met alle mag!**

Heb 12:4 **Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.**

En as niks anders help nie, VLUK!!!!

1Kor 6:18 **Vlug vir die hoerery.** Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam. (FISIESE GEMEENSKAP BUIE DIE HUWELIK)

1Kor 10:14 Daarom, my geliefdes, **vlug vir die afgodediens.**

1Tim 6:10 Want die **geldgierigheid** is 'n wortel van alle ewels; en **omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulle self met baie smarte deurboor.**

1Tim 6:11 Maar jy, man van God, **vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsamheid, sagmoedigheid.**

2Tim 2:22 **Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.**

Hou Josef van ouds in gedagte. Hy het van die sonde **weg gevlug** en nie toegelaat dat dit oor hom heers nie. Weldra het God hom verhoog tot tweede in bevel, in Egipteland. Die stryd teen sonde is nie maklik nie, maar daar is **groot loon** in die oorwinning daarvan. Al kry ons hier op aarde niks nie, sal ons die loon daarvoor ontvang in die ewigheid.

Dinge wat God haat:

God haat sonde en ongeregtigheid omdat dit soveel ellende in die lewens van die mensdom veroorsaak en hulle beroof van die ewige lewe saam met Hom.

Psa 11:5 Die HERE toets die regverdige; **maar sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet.**

Jes 61:8 Want Ek, die HERE, het die reg lief; **Ek haat die roof met onreg,**

Psa 5:6 Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; **U haat al die werkers van ongeregtigheid.**

Heb 1:9 U het geregtigheid liefgehad en **ongeregtigheid gehaat**; daar -om het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u met-geselle;

Sewe dinge wat die Here haat !!

Spr 6:16 Hierdie **ses dinge haat die HERE**, en **sewe** is vir sy siel 'n gruwel:

Spr 6:17 **trotse oë**, 'n **leuenagtige tong** en **hande wat onskuldige bloed vergiet**,

Spr 6:18 **'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop**,

Spr 6:19 **een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai**.

Die Here haat afgodery:

Jer 44:4 En Ek het na julle gestuur al my knegte, die profete, vroeg en laat, om te sê: **Moet tog nie hierdie gruwelike saak wat Ek haat, doen nie**.

Jer 44:5 Maar hulle het **nie geluister en geen gehoor gegee** om hulle van hul boosheid te bekeer nie, **om vir ander gode geen rook te laat opgaan nie**.

Die Here haat ongehoorsaamheid:

Die Here verwag van ons om Sy Woord te gehoorsaam. Ongehoorsaamheid aan die woord van God is **SONDE**. Wanneer God in Sy Woord sê ons **MOET** iets doen, verwag Hy dat ons dit **sal doen**[gehoorsaamheid]. **Wanneer Hy in Sy Woord sê ons mag nie iets doen nie, verwag Hy GEHOORSAAMHEID!**

1Sam 15:22 Daarop sê Samuel: **Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE?** Kyk, **om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme**.

Die Here haat betekenislose feestye: " BIERFEESTE ens "

Amos 5:21 **Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie**.

Amos 5:22 Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie.

Amo 5:23 **Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. " Wêreldsmusiek "**

Amo 5:24 **Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom**.

Die Here haat egskeiding:

Mal 2:16 Want **Ek haat egskeiding, sê die HERE**, die God van Israel, **en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek**, sê die HERE van die leërskaare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en **wees nie ontrou nie**.

Die Here haat die leer van die Nikolaïte:

Open 2:6 Maar dit het jy, dat jy **die werke van die Nikolaïete** haat, **wat Ek ook haat**.

Open 2:15 So het jy ook mense wat vashou aan **die leer van die Nikolaïete[valse leerstellings]**, **wat Ek haat**.

WEE HULLE – WANT DIT IS ‘N GRUWEL !!!

God is absoluut regverdig. Dit grief Hom wanneer ons **verkeerde dinge reg noem en regte dinge verkeerd**. Deur dit te doen, word baie sondes vandag geregverdig deur die mens, en baie dinge wat in die verlede REG was, is nou skielik VERKEERD. En wat in die verlede VERKEERD WAS IS NOU REG. Geen wonder dat mense **verward en deurmekaar** is en **valse leerstellings aanvaar** asof dit direk uit die hemel kom.

Jes 5:20 **Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg**, wat die **duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter**.

So word mense wat **in sonde lewe, vandag regverdig verklaar**, selfs deur predikers, **maar vir God is dit ‘n gruwel**.

Spr 17:15 Hy wat die **goddelose regverdig verklaar** en die **regverdige skuldig verklaar**, hulle altwee **is vir die HERE ‘n gruwel**.

Mal 2:17 Julle **vermoei die HERE** met julle woorde. Nogtans vra julle: **Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy ‘n behae;** of waar is anders die God van die reg?

Almal wil NAMENS DIE HERE besluit wat is sonde en wat nie, en in die proses word die Woord van God geheel en al geïgnoreer. God het Sy Woord vir ons gegee as ‘n **riglyn**, daaruit moet ons **ALLES in die lewe** wat ons padlans kom **beoordeel**. Daarom is dit so belangrik dat ons **die Woord** moet **LEES** en **EET** en **INDRINK**, elke dag van ons lewe. Hoe **beter ons die Woord ken, hoe makliker is dit om die dinge van die lewe daarvolgens te beoordeel.** \ **Hand 17:11** soos die mense van BEREIA **daaglik die Skrif ondersoek het.** **Mat 22:29** Toe antwoord Jesus en sê: **Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.**

Hierdie dinge is vir God 'n GRUWEL !!!!

Weereens gaan ons net 'n paar skrifte noem waar God uitdruklik sê dat dit vir Hom 'n gruwel is.

Lev 18:22 Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. **Dit is 'n gruwel.**

Deut 12:31 So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want **alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen**; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.

Deut 18:12 Want elkeen wat hierdie dinge doen [*waarsêery, go-ëleriy, verklaring van voortekens, towery, besweringe, wat 'n gees van 'n afgestorwene vra, 'n gees wat waarsê, die dooies raadpleeg*] is vir die HERE 'n gruwel;

Jes 47:13 Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red—die **wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.**

[Ons toekoms is in God se hande, nie dié van Sterrevoorpellers nie.]

Jes 65:11 Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet, **wat 'n tafel dek vir die gelukkiggod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot— [Dobbel en Lotto.]**

Deut 22:5 'n Vrou mag geen mansklerre dra nie, en 'n man mag geen vrouensklerre aantrek nie; want **almal wat dit doen, is vir die HERE jou God 'n gruwel. \ WEER N SKEIDSLYN**

Deut 23:18 Jy mag geen hoereloon die loon van 'n of hondeprys in die huis van die HERE jou God as enige gelofte offer bring nie; **want dié altwee is vir die HERE jou God 'n gruwel.**

Spr 11:1 'n Valse weegskaal is vir die HERE 'n gruwel, maar in 'n volle gewig het Hy behae.

Spr 12:22 Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel [*Moenie iets sê wat jy nie bedoel nie, dit is valse lippe.*], maar Hy het 'n welbehae in die wat getrou handel.

Spr 15:8 Die offer van die goddelose is vir die HERE 'n gruwel, maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig.

Spr 15:9 Die wandel van die goddelose is vir die HERE 'n gruwel, maar hom wat geregtigheid najaag, het Hy lief.

Spr 16:5 Elke hoogmoedige van hart is vir die HERE 'n gruwel;
sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie.

Spr 28:9 Wie sy oor wegdraai om nie na die wet [die Bybel] te
luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel.

Die ware kind van God !!

Die Woord van God leer ons dat ons **Heiligmaking** moet **nastreef** en daarna moet streef om geen sonde te doen nie.

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? **Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?**

Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en **ons nie meer die sonde sou dien nie.**

Rom 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.

Rom 6:13 En **moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde** as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

Rom 6:15 Wat dan? **Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!**

Die sonde mag nie meer in ons heers nie, want ons is nou dienaars van Christus. Dan sal daar geen veroordeling vir ons wees nie.

Rom 8:1 Daar is dan nou **geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.**

Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

Rom 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, **maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.**

AS ONS **IN HOM BLY**, DAN SAL ONS NIE **SONDIG NIE** !!!!

1Joh 3:6 Elkeen wat in Hom bly, SONDIG NIE. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.

1Joh 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

1Joh 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

Ons mag nie weer opsetlik sondig nie, ons moet in Jesus Christus, ons verlosser bly en daarna strewe om altyd meer en meer **soos HY** te wees.

Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, (Deur die Genade offer te verwerp)

Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.

Die dinge wat ons nie mag liefhê nie !!

1Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

Kinders van die Here moet baie versigtig wees vir wêreldsvriende. Ongelukkig trek daardie vriende jou altyd af na hulle standaard en selde of ooit kry jy dit reg om hulle op te trek na jou standaard.

Jak 4:4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. (**Geestelike hoerery:** Die wereld as derde persoon)

2Kor 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

Mense wie ons moet vermy !!

Psa 1:1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;

Psa 6:9 Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid, want die HERE het die stem van my geweens gehoor.

Psa 26:4 Ek sit nie by valse mense nie, en met slinkse mense gaan ek nie om nie.

Psa 26:5 Ek haat die vergadering van kwaaddoeners, en by die

goddelose sit ek nie.

Spr 1:10 My seun, as die sondaars jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie;

Spr 1:11 as hulle sê: Gaan saam met ons, laat ons loer op bloed [moord], laat ons die onskuldige voorlê sonder oorsaak,

Spr 1:12 laat ons hulle lewendig verslind soos die doderyk en die gesondes soos die wat in die kuil neerdaal;

Spr 1:13 allerhande kosbare goed sal ons vind [roof], ons huise sal ons vol maak met buit;

Spr 1:14 jy sal jou lot onder ons werp, ons sal almal een beurs hê—

Spr 1:15 my seun, gaan nie met hulle saam op die weg nie, hou jou voet terug van hulle pad;

Spr 22:24 Verkeer nie met ‘n driftige man nie, en met ‘n opvlieënde man moet jy nie omgaan nie,

Rom 16:17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.

2Joh 1:9 Elkeen wat ‘n oortreder is en **nie bly in die leer van Christus nie [terugval]**, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.

2Joh 1:10 As iemand na julle kom en **hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie** en groet hom nie.

1Tim 6:3 As iemand **iets anders leer [valse leeraars] en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,**

1Tim 6:4 dié is verwaand en verstaan niks nie, **maar het ‘n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,**

1Tim 6:5 **nuttelose stryery van mense** wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. **Onttrek jou aan sulke mense.**

2Thes 3:6 Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie.

2Thes 3:14 En as iemand **aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie,** teken dié man en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word.

1Kor 5:9 Ek het julle in my brief geskrywe om nie met **hoereerders om te gaan nie**—

1Kor 5:10 dit wil sê, nie die **hoereerders** van hierdie wêreld of die **gierigaards** of **rowers** of **afgodedienaars** in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan—

1Kor 5:11 maar nou skryf ek aan julle **om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.**

2Tim 3:1 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.

2Tim 3:2 Want die mense sal **liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,**

2Tim 3:3 sonder natuurlike liefde, onversoelik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,

2Tim 3:4 verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God;

2Tim 3:5 mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.

U moet u tot God bekeer. M.a.w. jy moet jou lewe hervorm en terugkeer na God. Jou sonde bely met berou en laat staan. Spr. 28:13.

Sonde volgens **Rom 1:18-30, Gal 5: 19-21, en 1 Kor 6:10, ens.** Dis wanneer ek besluit ek hou nou op en ek draai my rug op die sonde en doen dit nie meer nie. Dan hervorm ek my lewe. Dit is egter, 'n omdraai na God toe. Om 'n 180° - draai te maak, om in die teenoorgestelde rigting te loop as wat jy gekom het. Dit is egter onmoontlik om 'n ontmoeting met die opgestane en verheerlikte Christus te hê en dieselfde te bly. **As jy Hom ontmoet het, verander jou rigting.** Jy praat anders, jy handel anders. Jy begin 'n nuwe rigting, 'n nuwe pad in dieselfde uur.

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Opb 21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; { **In die Hemel** } maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

**AMEN —AMEN —AMEN !!! “MARANATA”
DIE KONING KOM.**



Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Die deur kan slegs van die binnekant af oopgemaak word !!!



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,..** “**MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

